# STABILIS





Kick off the December holiday with this nail-biter PAGE 9

## hot off the press

Christopher deel sy visie vir die skool vir 2014 BL 6



So het Caroline en kie die gehoor vasgenael gehou BL 5

Leith-huis is miskien nie vir almal as blyplek beskore nie BL 2




## nuus

Doen jy buitemuurs jou deel? BL 2


Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 47 · NO 3 · Desember / December 2013




Christopher de Villiers, new school captain with AJ Brits, current school captain. Photo: Wouter Klopper

# ‘Ludum ducent’

## *The sash of authority is passed along*

**KASSEL ROTHMANN**

During the recent valedictory assembly the leadership for 2014 was announced.

After the announcement of prefects, the school captains were introduced to the assembly. From the reaction of the learners, it was obvious that they agreed that the best possible candidates were elected. They will indeed lead the school - *ludum ducent*.

The traditional placing of the sashes around each new captain’s shoulders symbolises the passing along of authority duly invested in these learners by the school.

# Beheerrade se mag word ingeperk

**IAN DE VILLIERS**

Wie het die finale mag om 'n skool se toelatingsbeleid te bepaal en leerders tot 'n skool toe te laat? Dit was die kern van regsargumente in die onlangse Rivonia-skoolsaak in die Grondwethof.

In hierdie saak wou die Gautengse onderwysdepartement die Laerskool Rivonia in Sandton dwing om 'n leerder toe te laat, terwyl die skool se beheerliggaam ingevolge die toelatingsbeleid, beslis het dat die skool vol is.

Die uitspraak het ernstige implikasies as onderwysowerhede dit as 'n groen lig beskou om leerders voortaan na willekeur in openbare skole te plaas sonder om enigsins die toelatingsbeleid in ag te neem. Die provinsiale onderwyshoof het nou die bevoegdheid om 'n leerder tot 'n skool toe te laat, hoewel die skool se beheerliggaam die toelatingsbeleid en kapasiteit van die skool mag bepaal.

Ingevolge die uitspraak van 4 Oktober 2013 is die mag wat die beheerliggaam het om die toelatingsbeleid te bepaal, ondergeskik aan ander bepalings in die Skolewet wat bepaal dat die department algehele beheer het oor die toepassing van toelatingsbesluite.

“Indien ouers die indruk kry dat hulle kinders se skole oorvol raak weens politieke druk, wat beslis die kwaliteit van opvoeding sal verlaag, sal hulle nie twee keer dink om hul kinders na 'n privaatskool te verskuif nie,” aldus 'n ouer van 'n Grey Kollege leerder. Die uitspraak bepaal ook dat die onderwyshoof die mag het om 'n skoolhoof se besluit om 'n leerder se aansoek te weier, om te keer.


Die kring-effek van hierdie uitspraak het ook reeds 'n invloed op Grey se toelatings vir 2014 gehad, as gevolg waarvan die aantal toegelate leerders vir graad 8 beduidend toegeneem het. Aanvanklik is die skool se toelatingsbeleid streng toegepas, maar veral na hierdie uitspraak kan Grey verwag om 'n geweldige groei in leerdertal te ervaar.

Die Rivonia-skoolsaak se uitkoms gaan beslis nog 'n groot impak hê op alle openbare skole en gaan waarskynlik nog groot oproer veroorsaak.

Lees ook berig op bladsy 7.




Die Grondwethof in Johannesburg het die finale sê. Foto: Verskaf

## short news

### Grey can bring out the best in a man

**TSHEPA SEQEBO**


"May the college ever train noble citizens." This quote is a blessing that has been imbued into Grey College boys since 1855. A man who used this blessing is Mr Andrew Bester, an old-Grey who gave a speech about using your opportunities.

Andrew Bester has a long list of achievements on his CV. He served as chief executive of commercial banking at Lloyds banking group in London; he has been chief executive of wholesale at Lloyds and investment banker at Deutsche Bank.

He has also served as the director of Standard Bank in Taiwan and he has also worked in Hong Kong. Ironically, his name is not any of the boards in the Reunie Hall. This proves that the principles Grey boys are taught at school are sufficient to place anyone in a position of potential success.

"Grey College is a melting pot of leaders and leadership. Grey College is the platform for your life; the values I was taught here shaped me into a true gentleman," said Mr Bester.

He questioned the manner in which one should use the opportunities received, and stated that "the world is big, bad and competitive. So, you have to keep on learning and growing. Visualise your dreams, work hard and stay focused."




# Opname wys betrokkenheid

## *Dit is kommerwekkend dat baie seuns nie deelneem nie*

**JACO VAN LOGGERENBERG**

Grey Kollege het 'n sterk tradisie van deelname aan 'n verskeidenheid naskoolse aktiwiteite wat deel vorm van Grey se holistiese opvoedingsideaal.

Grey Kollege presteer in kultuur en sport, wat nie moontlik sou wees as leerders van Grey nie aan 'n naskoolse aktiwiteit deelgeneem het nie. Dit is die leerders se verantwoordelikheid om die skool se naam hoog te hou in sport - en kultuuraktiwiteite.

Volgens die bostaande grafiese opsomming van deelname aan aktiwiteite neem 936 leerders deel, gereken op slegs graad 8 tot graad 11 leerders. Die meeste leerlinge doen 'n somersport, wintersport en 'n kultuuraktiwiteit. Daar is 14% leerders (±128) wat op die skoolgronde sit en niks doen nie. Hierdie leerders dra nie by tot die goeie naam van die skool nie. Die meeste leerders wat sport doen, doen 'n wintersport eerder as 'n somersport.

Rugby is die gewildste sport met 387 leerders wat deelneem; krieket is die tweede gewildste sport met 152 leerlinge. By kultuur is die meeste leerders in die koor, naamlik 55.

Die graad 8 klasse neem die meeste deel aan na-skoolse aktiwiteite, wat 'n baie goeie ding is want die jonger geslag hou die skool se naam hoog. Dit is jammer dat die Engelse klasse die meeste leerders het wat nie sport doen nie.

Die graad 10e3 groep is die klas wat die minste bydra tot sport en kultuur.

## Presteers word tydens glansaand vereer vir hulle harde werk

**LUAN NEL**

Dinsdag, 22 Oktober 2013 was 'n hoogtepunt op vanjaar se skoolkalender.

Op kultuurgebied het 'n totaal van 21 leerders halfkleure ontvang, 26 leerders het volkleure ontvang, nege leerders het spesiale toekennings gekry en ses erewapens is toegeken.

Op die gebied van sport het 69 leerders halfkleure ontvang, 74 leerders het volkleure ontvang, 52 is met spesiale toekennings beloon en 11 leerders het erewapens ontvang.

Die groot ster van die aand was JR (Jason) Long wat die S Franklin Dux Medalje vir hoogste punte in graad 12 ontvang het, plus verskeie vakpryse en beurse. Die D Marquard Medalje vir tweede hoogste punte in graad 12 is toegeken aan MC (Malan) Bosman. Die Louis Esselen Beker vir uitstaande Akademiese- en Sportprestasie is toegeken aan Theo Ferreira en die J M B Faure Beker vir uitstaande Akademiese en Kultuurprestasie het gegaan aan A-J Boshoff. Hy het ook die AK Volsteedt Medalje vir uitstaande Akademiese-, Kultuur-en Sportprestasies ontvang.

Volgens mnr. Alex Els is daar besluit dat van vanjaar af twee afsonderlike funksies sal plaasvind: die bovermelde een en 'n tweede vir graad 8-11, vroeg in volgende jaar. Mnr Els sê: "Die funksie het net eenvoudig te groot geword om in een oggend afgehandel te word."

# Koshuisseuns se oë rol oor moontlike nuwe 2014-beleid vir verblyf

**LOUIS SCHOONWINKEL**

"Ons beloning vir toewyding en lojaliteit teenoor die skool is daarmee heen." So meen Steph Brits, graad tien kosganger, na afloop van die aankondiging van die nuwe Leith-huis keuringsbeleid vroeg in die derde kwartaal.

Die beleid het gelui dat graad 11 leerders in Leith-huis vanaf volgende jaar in die middel van die jaar, blyplekke sal ruil met dié in Brillhuis.

Die graad 10 seuns, wat volgende jaar direk deur die beleid geraak word, was egter baie ongelukkig. "'n Plek in Leith-huis is wat ons al drie jaar lank dryf om alles vir die skool neer te lê," meen Steph.

Mnr. Deon Scheepers, skoolhoof van Grey Kollege, verduidelik dat daar verskeie redes is wat tot die verandering in beleid gelei het. "Ek voel dat dit onregverdig is teenoor die graad 11 Brill-huis leerders wat later prefekte in Murray-huis of in Brill-huis sal word, wat nooit die voorreg sal hê om in Leith-huis te wees nie," meen mnr. Scheepers. Daar was ook na bewering 'n aantal leerders wat in die verlede vals inligting op hul Leith-huis aansoeke verskaf het.

Steph en Sentle Lehoko, nog 'n graad 10 leerder, het namens al die graad 10 kosgangers beswaar aangeteken by 'n koshuisvergadering.

In reaksie hierop het die die koshuisvaders die saak weer oopgestel en dit is tans onder bespreking.

Mnr. Scheepers sê: "Die finale besluit sal afhang van die getalle van die seuns wat negatief geraak word, asook die getalle van seuns wat vrywillig in Brill-huis sal agterbly."




**"Waar gaan ek volgende jaar bly?", wonder baie koshuisseuns.** **Foto: Johann Sonnekus**

## Fighting continues despite all disciplinary measures

**TIMOTHY DU PLESSIS**

Fighting in school has been going on for many years and over the years, these fights have become more brutal. "Learners fighting for whatever reason - anger, stress or just for attention will not be tolerated," says headmaster Mr Deon Scheepers. It is not the Grey way to fight with another learner, as "Grey educates learners to become critical thinkers and solve their problems in an understanding way," he adds.

"If we fix the fighting problem right here and now, future generations will not be affected by it," explains Mr Scheepers. Some learners view fighting as a simple method to relieve themselves of negative emotions. "Grey is about respect for others and building solid relationships" adds Mr Scheepers.

Fighting is a plague that threatens to devour our tradition and respect and if we do not stop this plague soon, the outcome will be devastating. Mr Scheepers has provided a few suggestions to keep the plague at bay. "Know how to deal with conflict; try to listen to the other party; keep, cool and calm; agree to disagree"

On the other hand, given the aspect that fighting could be viewed as an outlet for negative emotion, would it be wiser to prevent fighting or the punish the parties involved after the fight has taken place?

Mr Scheepers thinks preventing fights would be a wiser action. "If a fight has already taken place then the damage has already been done."

"Fighting ruins your perception of solving problems," adds a grade 9E learner. It is not the Grey way.

However, this remains a deep-seated problem which does not have an easy "fix".





Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide

# 'n Lofrede aan 'n geliefde bib-dame

## *Na 22 jaar se onbaatsugtige diens groet die skool 'n 'great Grey Lady'*

**IAN DE VILLIERS**

Mev S. Fourie, 'n onderwyser wat al diep spore in die harte van vele Grey seuns getrap het, het vroeër vanjaar bekendgemaak dat hierdie jaar haar laaste jaar as onderwyser by Grey Kollege sal wees.

Mev Fourie het vir baie jare Latyn en Afrikaans en toe later net Afrikaans onderrig by Grey. Sy was ook in beheer van ons uitstekend-toegeruste Krause Biblioteek wat +- 14 000 boeke, tydskrifte en koerante bevat. Hierdie biblioteek het ook 'n spesiale afdeling vir oud-Grey skrywers soos Ettiene Leroux en Eben Venter.

Selfs nadat Latyn weggeval het as 'n vak by Grey, het mev Fourie steeds haar liefde vir die taal uitgeleef deur gratis Latynlesse vir belangstellende leerders te gee.

Oud-leerder en nou mediese student in Kaapstad, David Langford, het haar ook genader vir Latynlesse en haar beskryf as een van die mees intelligente mense met wie hy nog ooit paaie gekruis het.

Ons het vir mev Fourie 'n paar vrae gevra:

*Hoe lank is juffrou al by Grey-Kollege?*
Ek is sedert 1991 hier - so dit is al 22 jaar.

*Wat is die rede waarom Juffrou weggaan?*
In Latyn sou 'n mens sê: "Tempus est". Die tyd is nou geleë om te gaan - alhoewel dit moeilik is.

*Dink Juffrou Grey het oor die jare heen verander?*
Grey het maar nog altyd dieselfde gebly; die seuns was nog altyd lief vir Grey. Ek hoop en vertrou dat dit altyd so sal bly.

*Wat was die hoogtepunt van Juffrou se loopbaan by Grey?*
Die 5 jaar wat ek Latyn onderrig het asook die hantering van die Krause Biblioteek. Dan ook die vele klein oomblikke in die Afrikaans klasse, wanneer 'n mens werklik kontak met 'n kind maak.

*Wat gaan juffrou nou doen?*
Ek gaan nou aandag aan 'n gastehuis gee - en die lewe behoorlik proe.

*Wat gaan Juffrou die meeste van Grey mis?*
Kollegas wat geestesgenote oor die jare geword het, asook die seuns, hulle humor en lus vir die lewe.

*Watter boodskap wil Juffrou vir Grey nalaat?*
Ek dink leerders moet volgens die Stabilis ideaal probeer leef. Dit beteken om eerlik te leef, verantwoordelik te leef, goed en gelukkig te leef, elke oomblik te leef en te leef tot eer van God. Dan kan dit mos met elkeen hier by Grey net goed gaan.

Haar kollegas vertel van 'n toegewyde dame met 'n briljante intellek; 'n vrou wat altyd haar menslikheid en waardigheid behou het en tog ook 'n oop hart vir ander se opdraandes in die lewe.

Die Grey-gemeenskap gaan hierdie toonbeeld van die Grey-dame ongelooflik mis; haar kennis, haar lojaliteit aan vriende en die skool en haar akademiese vaardighede op soveel gebiede.



**Mev Susara Fourie in haar element.** **Foto: Verskaf**

## late news

### Dwelmvrye sport is sterk beklemtoon

**LUAN NEL**

Na aanleiding van 'n berig wat in Maart 2013 in Stabilis verskyn het, asook 'n e-pos wat deur die skoolhoof, mnr Deon Scheepers aan ouers gerig is op 12 Oktober 2013, om met hul seuns te gesels oor die gevare wat die gebruik van verbode middels inhou, is bespiegel dat seuns binnekort getoets gaan word.

Mnr Scheepers het dit nogmaals baie duidelik gemaak dat Grey die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye sport (SAIDS) se veldtog met die slagspreuk "I play fair" onder-steun.

Waar en wanneer leerders getoets gaan word is egter nog onseker. Aangesien die skool by SAIDS aangesluit het, kan die skool enige tyd genader word vir toetse vir verbode middels. Enige seun kan geïdentifiseer word vir toetsing.

Of die toetse op 'n gereelde basis herhaal gaan word is nog 'n ope vraag. Wat wel seker is, is die feit dat Grey onderneem om in te val by die SAIDS-skedule van skole wat getoets gaan word. Die toetse sal uitgevoer word deur 'n professionele span van mediese personeel, soos deur SAIDS voorsien sal word.

Indien die skool 'n redelike vermoede sou hê dat enige van sy leerders, wat die skool in sport verteenwoordig, verbode doepas gebruik, sal so 'n leerder, met die toestemming van sy ouers, verplig kan word om toetsing te ondergaan.

Mnr Scheepers het dit nogmaals beklemtoon dat daar nie gehuiwer sal word om op te tree teen enige seun wat homself skuldig maak aan die gebruik van verbode middels nie.

# More than a Tuck Shop - it's a Monument

**GARY DYKMAN**

Popcorn, toffees and cigarettes... that last one doesn't sound right but in fact, the Grey College Tuck Shop did sell cigarettes to staff in a different era. There is a rumour that during the 1970s, while he was secretly smoking in one of the rooms, a grounds staff worker burnt to death.

The Tuck Shop was used as a medical post during the Anglo-Boer War, from 1899 to 1902. On 11 May 1984 the renovated Tuck Shop was opened for business. Despite it being built from different bricks, each old sheet of corrugated iron was used in the reconstruction. The Tuck Shop was later declared a National Monument on 7 March 1986.

Mr A Marais, the current manager, said that running the Tuck Shop has been a great experience and that he is looking forward to the years to come.

Mrs Hilda Rudd who retired from the Tuck Shop said, "The best part about working at the Tuck Shop is getting to know the boys from behind the counter, and watching them grow in society."

It is hard to believe that back then one could buy a Coke and doughnut for 20 cents; today one could probably buy only a Wilson toffee with 20 cents.



**Inside the Tuck Shop as it was in early years.** **Photo: Archive**

There have been many questions regarding the boom gates isolating the Tuck Shop and what their actual purpose is. Mr Paul Potgieter said that the main purpose of the boom gates is to ensure the safety of the hostel boys.

According to an article in the STABILIS newspaper of September 1982, the Tuck Shop was specifically relocated to its current location, "so that it could fulfill its role as the recreational heart of the school, situated centrally to the hostels, swimming pool, most sports fields and both junior and secondary school." Are the booms compromising this?


The Tuck Shop has been serving ravenous school boys for decades and there does not appear to be any chance of this popular meeting place ever closing up shop. It is a well-known fact that even local businessman often drive back to the Tuck Shop to buy their lunch.

In spite of the addition of the more upmarket Grey Together Coffee Shop, the Tuck Shop is still bursting at the seams during every break. The 'pie and coke' is more than simply a snack; it is a tradition.

This historical National Monument has also formed the backdrop for many wedding photographs and is legendary throughout Bloemfontein.







## kortnuus

### Unexpected reward for a good deed

**KEANU BONIFACIO**

On 6 September the learners of Grey College bought stickers to support the national annual Casual Day fundraiser. What the learners did not know was that the class which bought the most Casual Day stickers would win a prize. The prize was that every learner in the winning class would receive a Steers burger and cold drink.

The 8e1s were the winners. A few days later the people from Steers and Bartimea School for the Deaf and the Blind came to the class to award the prize.

It was such an honour to be part of this event as the money is going to a good cause. Grade 8e1 register teacher, Mr Craig Steyn escorted the representatives to the class and had the following to say, "I am proud of this class for their good support of this worthy cause. This again proves the old saying that when the occasion demands it, the Grey boys come up to scratch."

The best part of winning this prize was that they did not have to wait; the teacher allowed them to eat the prize in class.

## important dates

**Term 1**

15 January - 28 March 2014

**Term 2**

7 April - 27 June 2014

**Term 3**

21 July - 3 October 2014

**Term 4**

13 October - 10 December 2014

# Wheel of time keeps turning

*Out with the old and in with the new leadership*

**MONTHATI MALOKO**

On 25 October the class of 2013 had their last school assembly, namely the valedictory service and the announcement of the 2014 Grey prefects. During the past few weeks the new election of the prefects was completed. There were many potential candidates, but only 34 were the last 'contenders'. "We know that 2014 will be a successful year for both prefects and learners to achieve something together", says Julius Zerwick, hostel prefect for 2014.

The school leaders for 2014 are Christopher de Villiers (school captain), De Wet Bezuidenhout (vice-school captain for city) and JC Jansen van Vuuren (vice-captain for hostel.) The new process of electing school prefects worked out effectively. According to this method, grade 11s are invited to apply to become a leader at the school. Two forms are to be completed (short CV and evaluation form). One form requires at least 3 teachers to state whether they feel the candidate has the potential to be a prefect at school.

The applicants attend 2 courses to develop and enhance their leadership skills and abilities. A short list, based on votes of learners present is compiled. The selected learners are introduced to the school and deliver a short speech in which they state their ideals and goals for the coming year.

The teachers, grade 10s and 11s are subsequently given the opportunity to vote for these candidates. A new computerised voting system was introduced this year and was hugely successful.



**To symbolise the handing over of leadership. Photo: Wouter Klopper**

## Afwesighede tydens eksamens moet beperk word

**DYLAN BARNES**

Afwesighede tydens skooleksamens is wêreldwyd 'n groot problem, en Grey is hier geen uitsondering nie.

Navorsingstudies in 2007 uitgevoer in Suid-Afrika het aangetoon dat skoolafwesigheid wissel tussen 5-15% en besig is om aansienlik te styg. (Learner Absenteeism in the SA Schooling system 2007) Hierdie syfers het nie ingesluit indien 'n leerder vir 'n gedeelte van die dag afwesig was nie. Redes vir afwesighede in skole sluit in dokters-, tandarts- en ortodonsie-afsprake; leerling- en bestuurslisensie afsprake; sport- en familie aangeleenthede; werklike siekte en afwesigheid sonder toestemming.

Skoolafwesighede het 'n verreikende uitwerking op suksesvolle onderrig. Daar word algemeen aanvaar dat gereelde afwesigheid van skool af asook die gevolglike verlies van interaksie met onderwysers en mede-skoliere 'n belangrike bepalende faktor vir leeruitkomste en prestasie is.

Daar is ook bewyse dat leerders wat gereeld afwesig is, die risiko loop om nie hulle leer-, sosiale- of psigologiese potensiaal te onwikkel nie. Dus word hulle toekomstige loopbaanmoontlikhede ook beperk, wat weereens 'n verreikende invloed op die samelewing het.

Volgens afdeling 5 van die Suid-Afrikaanse Skoolwet is die skoolhoof verplig om verskeie maatreëls in plek te hê indien leerders afwesig is. Dit sluit in om uit te vind wat die werklike rede vir die afwesigheid is. Waar nodig moet 'n skriftelike kennisgewing ook aan ouers / leerders gerig word.


Supporter of Grey College

FNB First National Bank

How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport



# Ride the merry-go-round while one can

**TSHEPA SEQEBO**

On Wednesday evening 25 October the annual matric farewell peaked in a feverish intensity among the grade 12 learners.

As always this event was presented at the school, with so many venues on the school premises to choose from that the setting is one of the ultimate surprises.

This year's parents committee presented an amazing spectacle, a wonderful carnival creation that deservedly drew many sincere compliments.

This was the real thing – carnival booths, candyfloss, popcorn, waffles and ice cream cones, a final salute to the passing of a childhood and that first step onto the merry-go-round of life; one that can cause joy and laughter or simply nausea and misery.

Riaan Brits, school captain of 2009, introduced the couples before their walk accross the red carpet and Pieter Rademan, vice-captain of that year was the guest speaker. The current school captain AJ Brits was his usual smooth and confident self during his speech. The girls were lovely, the Grey gentlemen were smooth and the creativity of their outfits was impressive. Some of these outfits carried an outrageous price-tag, but one cannot judge.

The food was perfect, the ambience was great and there was a dramatic helicopter entrance.

It is a pleasing trend that the notorious after party in recent years has had severe competition from the school function; learners and their dates are staying later each year to really enjoy the elegance of the matric farewell.

It is probably inevitable that a mood of melancholy will creep in, at the time of this final grade 12 function. Where will these young men be a year from now? Have they absorbed everything Grey has offered them and will they make a difference in the various walks of life they now enter? Are they really prepared to take the first step of this 'Grey't' ride or will they be overwhelmed by demands and pressures? As long as they keep moving forward, the carnival music will not stop and the fine crop of 2013 grade 12s will become ringmasters and lion tamers.

However, these questions will only prove themselves as these lives flourish.



**A carnival look transforms the main building. Photo: Supplied**

# Skoonheid skitter tussen ondiere

## *Plaaslike sangsensasie sorg vir die beste Grey Kollege Musiekfees in jare*




**Caroline Haasbroek en die massakoor betower die gehoor.** **Foto: Verskaf**

**ANDRÉ BELLINGAN**

Die jaarlikse Grey Kollege Musiekfees is uit verskeie oorde as die 'beste in jare' beskryf.

Een van die fees se hoogtepunte hierdie jaar was die insluiting van plaaslike sangsensasie, Caroline Haasbroek. Daar was weereens drie uitverkoopte vertonings, asook 'n liefdadigheidsvertoning vir ouetehuis-inwoners en minderbevoorregte mense.

Die kunstenaars wat die jaar die verhoog saam die Grey-seuns gedeel het was Valiant Swart, Jak de Priester en die gemelde Caroline Haasbroek. Valiant Swart het die gehoor vasgevang met sy unieke aanslag en die intimiteit van sy bydraes terwyl Jak de Priester die mense laat glimlag het met onder andere, sy lofsang aan *Groen Mamba*.

De Priester het saam die Indomitus sanggroep opgetree met *'n Bietjie Liefde*. Caroline Haasbroek het die mense se knieë lam gehad met die bekende *All That Jazz* en haar weergawe van *Titanium* was wêreldklas.

Die Grey-koor het die produksie afgeskop met *Some Nights* van die groep Fun. Die einde asook die hoogtepunt van elke jaar se musiekfees is die hoendervleis belewenis van die massa-koor begelei deur die massa-orkes wat bestaan uit verskeie Grey leerlinge , oud-Grey's en ander professionele musikante.

"Die kunstenaars was almal 'n gawe klomp; plat op die aarde, maar professioneel. Caroline het gesorg vir die 'glamour and glitz' en Valiant en Jak het beide kommersiële asook die meer diepsinnige 'blues', 'folksy' smake tevrede gestel," het Mnr Christo Jansen van Rensburg gesê.

Verskillende Grey groepe was ook op die verhoog te sien, naamlik: die Grey Marimbas, die Band, Indomitus, die koor, drie Boere-orkste, die Gumboots dansers en die Ensemble.

Daar was onlangs sprake gewees dat hierdie die laaste musiekfees sou wees weens 'n tekort aan borge. Dit blyk egter dat hierdie vrese nou besweer is aangesien onderhandelinge in hierdie verband binnekort positiewe resultate kan oplewer. Die poppe sal dans!

staccato



## The King's Singers - music to be enjoyed

**JULIUS ZERWICK**

'The King's Singers is a British a cappella vocal ensemble founded in 1968. The group consists of only six members. What makes it special is that when a member wants to retire, he is replaced by someone who can more than fill the shoes of the King's Singer before him.

Since 1968 there have been only 24 members of the group - a very low turnover - helping maintain the wonderful sense of stability and belonging that are a King's Singers' good fortune. Today's King's Singers were young boys or merely a glint in their fathers' eyes when the group was founded.

The group takes its name from the well-known King's College in Cambridge, England, where the original members were choral students.

Their repertoire varies from a medieval Magnificat in chapel to a madrigal, glee, part song or pop song arrangement away from chapel. Nothing that can be sung in six parts is ignored.

"The King's Singers demonstrate that vocal music can be enjoyed rather than be endured,"according to Al Hume.

## Senior debating team gains international experience

**JULIUS ZERWICK**

Live. Breathe. Debate....this was the motto of Khotso Khokho, Nkahiseng Ralepeli, Fundile Khoza, Tshepa Seqebo and Kagisho Motsemme. These five Grey boys represented the South African delegation at the annual Heart of Europe International Debating Tournament which was held in Olomouc in the Czech Republic in August 2013.

For these five South African boys it was a huge experience to be part of such a prestigious international tournament. Different countries were represented, including Canada, America, Israel, Romania, Ukraine and Sweden.

The Grey boys were the only African team to qualify for the octo-finals where they competed against USA A, but lost with one mark.

Back in South Africa they took part in the Gauteng Open University Invitational debate competition, and 2 hours after arriving at O.R. Tambo International Airport, the team went on to win the competition.



**Zola Valashiya (chaperone); Khotso Khokho, Tshepa Seqebo; Nkahiseng Ralepeli; Kagisho Motsemme; Fundile Khoza: all in grade 11.** **Photo: Supplied**







# Nuwe leiers neem die stuur

"Grey is soos 'n kar. Sy leiers soos die bestuurder." Die metafoor wat Reinhard Arndt met sy eerste toespraak as onderskoolkaptein gebruik het, is al te waar. Die matrieks van 2013 se roete is nou op 'n einde, maar dit is beslis nie waar die "Grey-kar" stop nie. Die matrieks van 2014 staan reg om die stuurwiel oor te vat.


2014 hou baie uitdagings in en as nuwe leiers gaan die matrieks van 2014 hulle hande vol hê. Die fondasie wat vanjaar stewig gelê is, moet nou ten volle benut word om Grey na nuwe hoogtes te lei. Mnr. Volsteedt het altyd gesê dat Grey nooit mag stilstaan nie, omdat ander skole by ons sal verbygaan indien ons stagneer. En as pas-gekroonde beste skool in Afrika is dit nou meer waar as ooit. Dit is nou die taak van die nuwe leiers van die skool om Grey weer terug op sy stygende kurwe te kry.

Maar die sukses van Grey hang nie net af van sy leiers nie. Elke Grey-brak speel 'n rol in die meganisme wat Grey is. Daarom is dit nie net belangrik dat daar 'n goeie voorbeeld gestel word nie, maar dat daardie voorbeeld ook gevolg word. Dit is slegs saam wat ons hoër hoogtes kan bereik.

Met 'n klinkende oorwinning oor Paul Roos Gimnasium, 'n fantastiese Musiekfees en 'n asemrowende Matriekafskeid is 2013 op 'n hoë noot afgesluit. Die entoesiasme waarmee hierdie aktiwiteite aangepak is kan dien as boustene vir 2014. Elke jaar begin met 'n "bang" wanneer Stad en Koshuis mekaar pak tydens die Grey Gala en -atletiekkampioenskappe. Die uitdaging gaan egter wees om nie stoom te verloor nie en dié gees enduit te behou en 2014 op 'n hoogtepunt af te sluit.

In die toesprake, wat deur die prefekkandidate tydens saalperiodes gelewer is, is daar gehamer op eenheid, dissipline en veral respek. Dié drie aspekte vorm die kern van ons erekode en is die resep waarvolgens Grey hom altyd gemeet het. Daarom is dit van uiterste belang dat hierdie waardes gehou en op gebou moet word.

Grey is soos 'n kar, sy leiers soos die bestuurder. Met die erekode as veiligheidsgordels, entoesiasme as brandstof en die matriekgroep van 2014 aan die stuur, is daar geen rede hoekom 2014 nie kan voortbou op die sukses van 2013 nie.




## Karnaval-afskeid oortref alle verwagtinge




Geagte Redakteur

Soos elke seun in Grey sien ek al van graad 8 af uit na my matriekafskeid. Toe ek verlede jaar as graad 11-seun by die matriekafskeid van 2012 gewerk het, het ek gehoop dat my matriekafskeid ook so lekker sou wees soos daardie een.

Al my verwagtinge was egter oortref met my aankoms. Stabilis-laan versier met helder kleure en 'n spesiaal verligte hoofgebou was asemrowend. Die karnaval-tema het my weer soos 'n kind laat voel toe ons draairoomys, 'popcorn' en spookasem by die stalletjies kon geniet. Ek het selfs 'n teddiebeer vir my 'date' gewen by die verskillende speletjies.

Ek dink my ouers het hul aand op die sirkel net so veel geniet.

Ek wil die graad 11's en hul ouers wat gehelp het bedank vir al hulle harde werk en moeite om die aand vir ons spesiaal te maak. Dit was werklik 'n aand wat ek nooit sal vergeet nie.

Groete

***Dankbare Matriek***

# Kaptein Christopher span die seile

## *Nuwe skoolkaptein vra dat almal moet inkoop in sukses van 2014*




**Christopher de Villiers, nuwe skoolkaptein, en Kassel Rothmann geniet Six Cokes. Foto: Wouter Klopper**

**KASSEL ROTHMANN**

*Hoe het dit gevoel toe hulle jou naam uitlees as skoolkaptein vir 2014?*

Dit was eers 'n skok gewees, maar terselfdertyd 'n eer om deel te wees van iets groots wat al 158 jaar bestaan!

*Wat dink jy is noodsaaklike elemente vir 'n suksesvolle 2014?*

Ek dink dit gaan belangrik wees dat elke liewe persoon inkoop en 'n bydrae lewer tot die sukses van 2014.

*Wie dink jy is 'n goeie leiersfiguur en hoekom?*

William Small-Smith was nog altyd vir my 'n 'all-time favourite'! Die manier hoe hy gesag gehad het oor 1200 seuns en nog steeds 'n mens se mens was het altyd vir my uitgestaan!

*Wat dink jy gaan 2014 uniek maak?*

Ek dink wat ons gaan uniek maak, is die feit dat ons weet ons is anders en dat ons weet waarvoor ons staan.

*Waarop dink jy moet ons volgende jaar meeste op fokus?*

...."ruppy" hahaha! Ek spot, wat belangrik gaan wees is dat ons weer moet leer hoe om verhoudings onder mekaar te vestig en aandag te gee aan die jonger grade, wat alles sal bydra tot die gesondheid van die gees van die skool! Die 'klein dingetjies' verg sonder twyfel aandag, want dit is wat ons anders maak.......

*Hoe gaan jy te werk gaan om die trots weer by die skool aan te wakker?*

Ek glo Grey dra sy eie trots en daarom sal ek graag die seuns en die 'legacy' van Grey weer bymekaar wil uitbring sodat ons die trots van Grey kan uitleef.

## Redaksielys 2013/14

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Kassel Rothmann
**Subredakteur: Nuus** Ian de Villiers
**Subredakteur: Sport** Jason Long
**Subredakteur: Diepte** Niel Bezuidenhout
**Subredakteur: Joernaal** CF Marais
**Subredakteur: Kultuur** Julius Zerwick
**Hooffotograaf:** Henry Galloway

**NUUSREDAKSIE**
Tshepa Seqebo, Luan Nel, Louis Schoonwinkel, Jaco van Loggerenberg, Monthathi Maloko, Dylan Barnes, Timothy du Plessis, Gary Dykman

**SPORTREDAKSIE**
Louwrens van Heerden, Frans-Hendrik Badenhorst, Christopher Schreuder, Bremer Visser, Hugo Richter, Etienne Erasmus, Wian Mouton, Lebo Molefe

**DIEPTEREDAKSIE**
James Parsons, Keo Matshele, Matthew Barnard, Johan Griesel, Jorge Gomes, Albert Potgieter

**KULTUURREDAKSIE**
André Bellingan, Daniel von Eschwege

**JOERNAALREDAKSIE**
Izak Adendorff

**KUNSTENAARS**
Darren Louw, Dian Beukes

**FOTOGRAWE**
Wouter Klopper, SJ Coetzee, Johann Sonnekus, BJ Vorster, Frans-Hendrik Badenhorst (vryskut)

# Rapid change will not alter direction

JAMES PARSONS

Grey has been around for almost 160 years and through most of these years it has managed to forge society and change people's lives, but what about the future?

Many things have changed since Grey first opened its doors and surely things will continue to change, even though change doesn't always feel as if it's for the best or if it's making progress, we should always remember that change is growth and growth is often painful. The plans so far show towards a new disciplinary system and stricter academics with new classrooms being built and a rulebook being published.

It's been proven that Grey has always changed society and never the other way round, however, with society changing rapidly it calls for Grey to also make a few changes in order to better withstand the pressing issues of the times. With drugs and alcohol fast becoming the norm among teenagers Grey is trying its best to implant a strong moral code in its learners in order for them to have the character and courage to stand against these things and continue to set the example for others to follow.

With another year drawing to an end and new leaders being appointed, it is certain that Grey will continue to have a bright future. Grey has stood the test of time, it is standing the test of time and it will continue to stand for many years to come with the same motto leading them forward, Nihil Stabile Quod Infidum. This means that nothing is steadfast which is not true.

The school is still in good hands and can look forward to a bright future.



Even the gallery built in 2000 seems insufficient to accommodate all the learners in Grey College. Photo: Wouter Klopper

# Classroom space is a challenge

*Smaller class sizes and expanding school result in a lack of learning space*

JORGE GOMES


There are almost 1200 learners in Grey. Are there really enough classes or classrooms to accommodate all of them? The first problem is classrooms. A common perception is that there are simply not enough classrooms to accommodate all the learners, but this is regarded as a misperception. There are currently about 50 classrooms in Grey College Secondary School - that is about 24 learners per classroom. Each classroom can seat around 40 learners, and classes are typically around 30 learners per class, making up 39 classes. This allows all the classes to be accommodated appropriately and still have classrooms available.


The even greater issue is whether there currently are enough classrooms. There are 39 classes in the school, so as mentioned, there are enough classrooms. But is it enough to have 39 classes? There are 8 classes per grade except the grade 9s which have 7 classes, and there are roughly 230 learners per grade. This gives 30 learners per class which is an improvement on the 40 learners per class we have had in previous years. These smaller classes are easier to handle and not as overwhelming as having 40 learners per class.

Should there be even less students per class? This would mean having either more classes or fewer learners. The problem with having fewer learners is that government policy dictates that a school should have a certain number of learners, based on the area of classroom space. To have less learners would mean that Grey can no longer comply with this policy. The problem with having more classes is that more classes mean more teachers, more teachers mean more classrooms, and more classrooms mean more area. This all adds up to the mentioned government policy kicking in and requiring the school to accept more learners, putting the school back where they started. To continue that way would create a never-ending cycle. It seems that there are enough classrooms, and neither too many nor too few classes. It would seem a satisfactory balance has been found.

# Admission crisis created by 'free pass'

MATTHEW BARNARD




There has been much uncertainty as to what has happened regarding the acceptance of grade 7 learners into Grey College Secondary School for 2014.

Grey College is focusing on trying to keep the classes as small as possible by trying to limit classes to a maximum of 35 learners per class. The school originally decided to have two English grade 8 classes next year, but a problem arose because they did not only accept learners from Grey Primary, but also from other schools in the Bloemfontein area and the rest of South Africa, to fill up the hostels.

There were already two English grade seven classes in Grey Primary and therefore the school could not accept all Grey Primary's applications.

Many Grey Primary parents were upset because their children were not accepted into the high school. They lodged a complaint with the Department of Education and the Department of Education forced Grey to accept these learners. The school now has a surplus of English grade 8's for next year because they had not planned to accept so many learners. The school is now in the position of having to add another grade 8 class next year, because of this debacle. A total of more or less 285 grade 8's will join the secondary school next year. This is, of course, not sustainable. If repeated in future, the school might have more than 1400 learners in 2017.

An anonymous learner said, "The school shouldn't be forced to accept people that don't deserve to be in this sought-after institution. They are the people that bring Grey down."

Many learners share this point of view and think that Grey Primary learners should not have a free pass into the high school, but that everyone should be chosen according to the set criteria to uphold the quality. As Sir George Grey originally intended, "May the College ever train noble citizens."

# Speeltyd veroorsaak onnodige skade

ALBERT POTGIETER

Skade veroorsaak deur balle is 'n onderwerp wat 'n maand of twee gelede gereeld op die afkondigings verskyn het.

Daar is vele opinies hieroor, maar die meeste onderwysers reken, dat seuns wat met balle speel nie werklik so 'n groot probleem is nie. Die groot probleem lê by die plek waar hulle speel.

Die skooleiendom wat meestal beskadig word is die vensters van die B-, C-, en T-blok asook diè om die Reüniesaal en voor die hoofgebou. Dit is nie die seuns wat die probleem is nie, maar eerder die ruimte om te speel. "Daarom word die GCB-velde tot beskikking van die seuns gestel, om gedurende pouse bal te speel," sê mnr. Hennie Nel.

Die meeste onderwysers verstaan dat seuns gedurende pouse met 'n bal wil speel. Hulle word egter ontsteld wanneer herhaalde waarskuwings verontagsaam word en skade veroorsaak word. Die laaste herstelwerk by die C-blok het in die omgewing van R 15000 gekos. Mnr. Hollenbach sê: "Van die seuns het kom sê dat hulle vensters gebreek het en dat hulle die koste om dit te vervang sal dra, maar die meeste bly stil."

"Die seuns moet ook net in gedagte hou dat opsetlike beskadiging van skooleiendom geklassifiseer word as 'n vlak 2-oortreding," sê mnr. Scheepers.




Old Greys.....
Did you pay your annual subs?

T: 051 4445799
F: 051 4443203
Sel / Cell 082 770 6622
E-pos | E-mail:
reunie@greycollege.com

Reünie

# Bemarking kry hupstoot met video van goeie gehalte

NIEL BEZUIDENHOUT

Daar was baie kritiese uitsprake toe Grey vroeër vanjaar vir die eerste keer 'n bemarkingsvideo laat maak het. Baie mense is van mening dat Grey se goeie naam genoeg publisiteit is en dat 'n bemarkingsvideo die indruk sal skep dat die beste presteerders nie meer spontaan aangetrek word nie.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat geen stilstaande organisasie vorentoe kan beweeg nie. Mnr. Deon Scheepers (skoolhoof) verduidelik as volg: "Alle organisasies, insluitend skole, moet deesdae bemark word weens die kompeterende aard van die eksterne omgewing."

Daar is talle goeie aspekte van Grey wat op die video sterk na vore kom; daar word onder andere na akademie, sport, kultuur, gemeenskapsverhoudinge, koshuise en etiek verwys.

Mev Lettie van Wyk sê die volgende: "Die feit dat die seuns wat deel is van die skool so sterk figureer in die video het vir my uitgestaan. Die diversiteit en die feit dat alles op die gronde plaasvind wys dat niks aangeplak is nie."

Alhoewel die video in 'n mate iets van wat die skool bied reflekteer, kan dit nooit die werklike emosie uitbeeld nie. Julius Zerwick in graad 11 meen: "Ek dink nie 'n video sal ooit kan uitbeeld hoe Grey regtig is nie, maar die video weergee 'n goeie en positiewe beeld."

Die bemarkingsvideo is in lyn met Grey se beleid van uitnemendheid en met Mnr. Johan Volsteedt (vorige skoolhoof) se woorde in die 2012 jaarverslag: "Verandering kan potensiaal ontketen wat tot nuwe hoogtes aanleiding gee. Verandering bring energie en uitnemendheid."




# Blink nuwe vak bring variasie

*Keuse tussen drie nuwe vakrigtings kry baie steun by leerders en ouers*

JOHAN GRIESEL

Aangesien daar 'n behoefte was, gaan die skool vanaf 2014 drie nuwe vakke aanbied, naamlik Ekonomie, Sportwetenkap en Sotho. Ekonomie en Sportwetenskap gaan van graad 10 af geneem kan word, maar Sotho net van graad 8 af.

Ekonomie is die studie van hoe indiwidue, besighede, regerings en ander organisasies in ons gemeenskap 'n keuse uitoefen ten opsigte van hoe om die skaars hulpmiddele aan te wend om hul vele behoeftes en begeertes, op 'n doeltreffende en regverdige wyse te bevredig.

"Ek sou Besigheidstudies volgende jaar neem, maar aangesien daar Ekonomie is, sal dit 'n beter opsie wees ten opsigte van my beroepsrigting", sê een van die huidige graad 9-leerders wat van plan is om volgende jaar Ekonomie as vak te neem.

Ekonomie rus die leerders toe met kennis, vaardighede, waardes en houdings wat hulle in staat sal stel om deel te neem, by te dra tot, aan te pas by en te oorleef in 'n komplekse ekonomiese samelewing. Dit stel hulle in staat om 'n kritiese ingesteldheid te demonstreer ten opsigte van die voordele van verantwoordelik en sensitiewe hulpbronbenutting.

Mnr Pieter Wessels, departementshoof vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, se kommentaar oor die insluiting van Ekonomie as vak, is die volgende: "Dit is 'n waardevolle vak vir diegene wat belangstel in studie in 'n handelsrigting of landbou-ekonomie. Een ding is egter seker: Dit is 'n vak wat baie insig verg en is nie 'n gewone leervak nie."

Die vak Sportwetenskap behels al die komponente van sport en oefening. Dit sluit in die belangrikheid van totale liggaamlike oefening, voeding sowel as die beginsels wat goeie sportmanne moet volg om sukses in sport te behaal, naamlik om gesond te oefen, eet en agtergrond oor professionele sportontwikkeling.

Aangesien Grey reeds 'n 2de addisionele taal aanbied (Duits), gaan daar vanaf volgende jaar 'n alternatiewe opsie wees. Die skool het besluit op Sotho, aangesien dit leerlinge baie sal baat na skool in hulle beroepe en werksomgewing, veral in die Vrystaat. In 'n multikulturele land soos Suid-Afrika, is die kennis en praktiese gebruik van 'n inheemse taal altyd 'n aanbeveling. 'n Addisionele onderwyser sal tydelik aangestel moet word, wat 'n groter kennis het van die vak.

Een van die leerders wat sterk oorweeg om Sotho te neem, sê die volgende: "Ek gaan na skool in die Vrystaat werk en ek is seker dat Sotho my kommunikasievaardighede met ander kulture in my omgewing sal versterk."

Daar is heelwat belangsteling rondom die instelling van nuwe vakke en leerlinge is opgewonde omrede die nuwe uitdagings wat die vakke kan bied. "Ek gaan na skool in 'n sportrigting en ek glo dat Sportwetenskap my baie sal ondersteun." meen 'n graad 9-leerling.

Dit is 'n goeie inisiatief om nuwe vakke aan te bied en sal dus vir die kinders meer geleenthede en opsies gee.

Royal Hunting Safari's Africa

Tel: 057 899 1113 · Sel: 082 561 4995 · e-mail: rhsafaris@yahoo.com

Trotse borg van die Cherries

CARAMELLO'S Eat Life!

School prepares you for life, Caramello's prepares life for you. Eat Life! Eat Caramello's

Visit facebook.com/caramellos.co.za for more

# 'Freedom of grass' for all bothers matrics

KEO MATSHELE

During the third term it was announced that all learners were allowed to walk on the Tuck Shop field, a decision that many of the learners disagreed with. Thus, many continued to walk around the field, respecting the area as 'senior property.'

The decision was made to allow boys access to an area suitable for playing ball games, as an alternative to spaces between classrooms and the roads in front of the main building. Tshepang Mokalake, a grade 10 learner, says, "Ever since I was in grade 8, the grass was always seen as a privilege for seniors and something worth looking forward to in matric. I'd rather stay off it because it's school tradition."

The decision has been revoked and learners are no longer allowed to walk on the Tuck Shop field, and it remains the privilege of the matrics.

The reason for this is apparently to allow the grass to recover as it is in a poor state. The grass has not always been accessible for the matrics and even teachers were not allowed to walk on it. According to Mr Koekemoer, the square in front of the Old Bell was initially considered to be a special area and learners, staff and parents were not allowed to walk across it. The reason for the grass being off limits was to keep it in a good condition, although certain areas and grass were considered more special.



The grass is always greener on the other side, or is it? Photo: Frans-Hendrik Badenhorst

The rules regarding the grass were changed by Mr Volsteedt and it was eventually made accessible to teachers and matrics as a privilege.

Mr Nico Venter believes, "If you allow everyone to walk on the grass it takes away a sense of privilege from the matrics and makes them seem equal to everyone else. It's important for boys in a school like Grey to have respect for their seniors"

It is interesting to note that, when the current school buildings were renovated during the late 1970's and early 1980's, no grass existed between the school buildings at all.

# The Grey Gentleman's tea time is irrevocably a thing of the past

*Is detention a suitable deterrent to maintain discipline and order?*







Manners, respect and discipline are characteristics that Grey boys pride themselves on. Is this still relevant in 2013?

Most boys blame the 'new' detention system for the deterioration of our discipline but the truth is that it has been coming for a long while now. Our disciplinary problems were brewing up even when the infamous Tea was still being applied.

It's been a year since Tea has been practised on our Tuck shop field. The negative aspect of Tea was when a one boy did something wrong the whole class was punished. This implied that Tea prevented bad and disruptive behaviour. Even though Tea had its merits, there is just too much risk involved for the school.

In the beginning of this year Grey took a forced turn in respect of discipline: detention. The new system introduced level one, two and three offences with respective punishments. The current rules are based on punishing wrongful acts rather than preventing them. Unfortunately, a week or two of detention does not inhibit a learner to the extent that Tea did. Detention actually benefits the perpetrator who can use this time to do homework or study for the upcoming exams.

As much as detention has a major shortfall it is still the best alternative. It can be improved on, though. Detention might work better if used with a policy like the previous 'Name and Shame'. This alienated the boy from the rest of the school and could serve as a good prevention method.

Revising the code of honour can be an initiative. The last time there were any changes to the code was in 2011. If the junior boys become a part of the making of the new code they will hopefully buy into the system. The code is a constant reminder of the values that we should have.

It is fairly easy to look for something other than ourselves to blame.

Discipline starts with self-discipline. We have to choose if we want to go with the flow, like other schools, or swim upstream and keep our values.

It is said 'Grey Gentlemen' don't need rules. But for that to apply, we must all become 'Grey Gentlemen'.

## *Gravity* honours terra firma even as it reaches for the stars

*Genre: Drama / Sci-Fi / Thriller*
*Director: Alfonso Cuarón*
*Score: 8/10*

**CHRISTOPHER GRIVAS**

Dr. Ryan Stone (Sandra Bullock) is a mission specialist on her first space shuttle mission aboard the Explorer. She is accompanied by veteran astronaut Matt Kowalski (George Clooney) who commands his final expedition.

Their mission is to service the Hubble Space Telescope. Mission Control warns the team that space debris from a Russian missile strike on a defunct satellite has caused a chain reaction of destruction and that they must abort the mission.

All the nail-biting tension in this movie results from the above situation, where each hero must try to do the best they can.

Bullock, who is better known for her comedic roles, gives her best performance in years. She is in turns vulnerable, icy, tragic and hopeful. There are several points in the movie that left virtually the whole theatre in tears, all thanks to her bravura performance.

George Clooney, the only other actor with screen time in the film, is also well-cast. To be fair, he's basically just playing George Clooney, which he does excellently. There's great chemistry between the two, without which the movie would almost certainly not work.

Cinematographer Emmanuel Lubezki's visuals make you feel like you're actually floating in space. This makes the movie an absolute joy to watch.

Gravity is without a doubt one of the best films of the year, a must-see.

# Elvis Blue neem sy aanhangers op reis





Elvis Blue of Jan Hoogendyk? Albei is ewe goed.

Jan Hoogendyk plus 'n kitaar plus musikaliteit plus passie = Elvis Blue. Hy is bekend as een van ons land se voorste liedjieskrywers, 'n Idols wenner met platinum verkope status. Hierdie hoogtes het egter nie maklik gekom nie en vanaf 16-jarige ouderdom was die strate van Johannesburg die gehoor en leerskool van die eens straatmusikant.

*Journey* is 'n onlangse album. Dit is 'n samestelling van persoonlike ervarings van die afgelope 15 maande in liedjievorm. Elvis sê hy het inspirasie op verskeie plekke ervaar: op 'n plaas, in 'n gastehuis , in sy bakkie, en op toer... dus, op reis. Die skryf van die liedjies was ook vir hom 'n '*Journey*.' Die lirieke en musiek van die album spreek weereens van Elvis se veelsydigheid as musikant en liedjieskrywer.

Elvis se verduideliking van sy inspirasie vir die openingsnit, *Glory Road*, is nogal interessant. Hy sê: "Vir my is die liedjie oor om terug te kyk op my reis sover en ek is bly as ek terug kyk, nie omdat alles altyd goed gegaan het nie maar omdat dit vir my duidelik is dat alles waardeur ek gewees het , goed en sleg, op een of ander manier tot my storie bygedra het. Die sukkel leer my deursettingsvermoë, die suksesse is om gevier te word en dit te geniet."



Elvis het vanjaar SAMA-nominasies ontvang vir die kategorieë Beste Volwasse Kontemporêre Album - *Journey*, Opname van die Jaar - *Lifeline* en Manlike Kunstenaar van die Jaar. Hy kon nie daar wees om dit te ontvang nie; hy was die aand op die FNB-stadion-verhoog in Johannesburg besig om musiek te maak in die voorskou van die internasionale groep Bon Jovi se *Because We Can* toer. Om daarvoor gekies te wees was opsigself 'n toekenning.

Sy jongste album se naam is *Afrikaans*. Indien jy nog wonder wat om as Kersgeskenk vir iemand spesiaal, jonk en oud, te kry – kry gerus een van Elvis se CD's. Dit is elke sent werd.

***- Dr Grey***

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za

## results

### Athletics
### Oranje / Clover

Clover

**First places**

Janco van Heyningen
/14 200m 23,01 sec
/14 100m hurdles 13,63 sec
Grové Coetzee
/15 Javelin 53,31 m
Nico Prinsloo
/15 300m hurdles 39,15 sec
Hanno Bezuidenhout
/16 400m hurdles 55,59 sec
Pieter-Christiaan Coetzer
/16 High jump 1,95 m
Ruben Marnewick
/16 400m 48,57 sec
*Daniel Rust*
*/16 Shotput 16,70 m*
*David Theron*
*/16 Discuss 43,76 m*

**Second places**

Janco van Heyningen
*/14 100m 11,77 sec*
Jannus Schlebusch
*/14 Javelin 52,79 m*
Heinrich Bruhns
*/15 400m 53,29 sec*
Nico Prinsloo
*/15 Long jump 6,36 m*
*/15 100m hurdles 13,67 sec*
Ruben Marnewick
*/16 200m 22,23 sec*
*Hendrik Maartens*
*/17 200m 21,70 sec*
*Hannes Reinecke*
*/17 110m hurdles 14,77 sec*

**Third places**

Daniel Vosloo
*/17 400m hurdles 58,37 sec*
Johnny Simmons
*/17 Discuss 38,01 m*
Hendrik Maartens
*/17 100m 10,79 sec*
*Philip Botha*
*/17 Shotput 15,53 m*
*Hanno Bezuidenhout*
*/16 110m hurdles 14,62 sec*

# Seisoen sluit af met puik uitslag

*Paul Roos span kroon op jaar van soet en suur*

**BREMER VISSER**

Die seisoen, wat reeds vroeg in Maart afgeskop het vir die eerste rugbyspan, het weereens nie teleurgestel nie, met van die opwindendste wedstryde wat skolerugby nog gesien het. Daar is 20 wedstryde gedurende die seisoen gespeel met 18 oorwinnings en 2 naelskraap-nederlae teen onderskeidelik Afrikaans Hoër Seunskool (Affies), met 31-37 en Outeniqua met 'n telling van 20-22.

Maar hierdie 2 nederlae maak beslis nie die seisoen onsuksesvol nie. In die woorde van mnr Ingo Machts, een van van die afrigters by die eerstespan: "Dit was een van die grootste teleurstellings van die seisoen om teen Outeniqua en Affies die knie te moes buig, veral omdat daar 'n taktiese besluit betrokke was in die eerste helfte teen Outeniqua, waar daar 'n geleentheid was om pale toe te skop wat nie benut is nie. In die wedstryd teen Affies is daar een of twee foute gemaak wat Affies kon omkeer in punte."

Heinrich Sander, eerstespan-skrumskakel, beskryf die seisoen as 'n goeie een met baie hoogtepunte, "memories" en 'n definitiewe suksesvolle een. Hy sê ook dat sy grootste teleurstelling die seisoen sonder twyfel is dat hulle nie die 2 wedstryde moes laat glip het nie.



Marius Louw naby Paul Roos se doellyn. Foto: Henry Galloway

Hoogtepunte vir die eerstespan hierdie jaar was sonder twyfel die goeie oorwinnings oor Paul Roos Gimnasuim in Stellenbosch, Grey Port Elizabeth en die sterk span van Paarl Boys High. Die wedstryd teen Paul Roos Gimnasium op die Markötter, hulle tuisveld wat op daardie stadium papnat was, soos die res van die Kaap daardie naweek, het veroorsaak dat die manne moes uithaal en wys wat in hulle steek, "but when the occasion demands it, the Grey boy always comes up to scratch." So het die manne hulle bevind in 'n situasie waar hulle halftyd 6-3 voor was, maar in die tweede helfte hulle inderdaad gewys wat "Grey guts" beteken en skitterend gespeel om die wedstryd 40-8 te wen.

In die 20 wedstryde wat gespeel is, is daar 'n totaal van 259 punte teen die eerstespan aangeteken en 35 drieë is afgestaan.

"Ek dink ons het 'n baie goeie span vanjaar gehad en dat die eerstespan vanjaar 'n goeie balans tussen hul aanvallende en verdedigende spel gevind het," sê mnr. Roelf Meyer, agterlyn-afrigter van die eerstespan. Die dae word alreeds afgetel na die afskop van volgende seisoen.

# Gholfdag sorg steeds vir die ontwikkeling van nuwe talent

**HUGO RICHTER**

Vanjaar is die Grey Gholfkampioenskappe met die Grey gholfdag gekombineer. Dit het op 10 Oktober by Schoemanpark Gholfklub plaasgevind. Die dag was 'n reusesukses en dit kan toegeskryf word aan die belangstelling en deelname van die oud-Greys.

Daar was altesaam 272 oudleerlinge wat aan die dag deelgeneem het. Bekende oudleerlinge soos mnre. Tommie en Koos Cronjé sowel as Blaine Dormehl, het die baan aangedurf.

Die dag is hoofsaaklik deur SAB, Distell en Hertz geborg. Daar was ook 52 ander borge van verskillende maatskappye en besighede in Bloemfontein. Ruan Pretorius, kranige eerstespangholfspeler, sê dat daar baie borge en "natgate" was en dat hy baie daarvan gehou het.

Die 'Grey Champs' het in die verlede altyd in die vierde kwartaal plaasgevind. Daar was 59 seuns wat die oggend al vroeg afgeslaan het. Hulle het egter nie aan die oud-Grey gholfdag deelgeneem nie. Seuns wat nie gholf as 'n skoolsport beoefen nie, het ook die geleentheid gekry om deel te neem aan die 'Grey Champs'. Mnr. Gawie Grobbelaar, wat aan die hoof staan van gholf by Grey, sê: "Daar is baie spelers wat te besig is met ander sport, maar wat baie goeie gholfers is."

Een van Grey se jong spelers, Therion Nel, het die Grey Kampioenskappe gewen. Hy is deel van die eerste gholfspan, wat ook aan die oud-Grey gholfdag deelgeneem het. Louis Fourie en AJ Barkhuizen, wat ook deel vorm van die eerstespan, het in 'n vierbal saam met die Cheetah-skrumskakel Tewis de Bruyn en die krieketspeler Wiann van Zyl gespeel.







# Kuala Lumpur-toer lê vir tafeltennis voor

**FRANS-HENDRIK BADENHORST**

Dié sport het reeds in die 1880's sy ontstaan in Engeland gehad, toe dit as ligte tydverdryf na ete beoefen was deur aristokratiese Victoriane. Die eerste benaming van die sport was "wiff-waff" en "ping-pong", totdat daar in 1901 'n handelsmerk op die woord "ping-pong" geplaas is, deur die Engelse toerusting vervaardiger, J Jaquess & Son Bpk. Tafeltennis word sedert 1926 gereguleer deur die Internasionale Tafeltennisfederasie (ITTF) en het sedert 1988 Olimpiese status. Tafeltennis het in Europa, VSA en Japan tot sy moderne vorm ontwikkel.

Dit is baie duidelik ook 'n baie gewilde sportsoort by Grey, en volgens Me Benita Hancke, wat al sedert 1995 betrokke is by Tafeltennis, is dit 'n baie mededingende sportsoort op skolevlak.

Daar is huidiglik drie senior en drie junior spanne, wat bestaan uit 5 spelers per span. Die liga-wedstryde die afgelope jaar is feitlik almal gewen, behalwe teen Pretoria Boys High. Daar lê huidiglik 'n baie strawwe toernooi voor vanaf 9-13 Desember 2013.

Me B Hancke het 'n groot fondsinsamelingsprojek in die vorm van 'n dans gehou om by te dra tot die toergeld vir die beplande toer volgende jaar na Maleisië.

Daar word met groot afwagting uitgesien na die opkomende toer na Kuala Lumpur, Maleisië, in 2014. Die eerstespan plus een reserwe gaan gedurende die tydperk 29 Junie tot 8 Julie 2014 aan die toernooi deelneem. Die afrigter wat die span gaan vergesel is Ziyaad Issa (oud-Grey van 2012), asook Me B Hancke en mnr M van Wyk. Die onderwysers beoog om na afloop van die toernooi, op eie onkoste die Verenigde Arabiese Emirate te besoek en die volgende is op hulle toerlysie aangeteken. Hulle wil baie graag die "Ferrari World" – vinnigste "roller coaster" in die wêreld, in Abu Dhabi besoek, asook 'n vaart op die Dubai Creek.

Hier sal hulle ook die hoogste gebou in die wêreld, die Burj Khalifa (830m), in Dubai besigtig. Hierna beoog hulle 'n "Desert Safari" met 4x4 voertuie in die rooi sandduine van Arabië.



Nico Daniel, lid van die 1ste tafeltennisspan. Foto: Henry Galloway

# Water polo grows at a steady rate

## *Brilliant results by juniors impress*

**WIAN MOUTON**

There was a rise in Grey's swimming pool water this season with the increased growth and awareness of boys participating in water polo. Water polo is currently the second most popular summer sport at school this year, which includes 7 teams consisting of the u/13A, u/13B, u/14A, u/14B, u/15A, the 2nd team and the 1st team.

The reasons why boys enjoy this sport so much is, it's not only a fun sport to play, executed at a fast pace and filled with adrenaline. It is also a sport where great friendships are built and can be advantageous on many other levels. It is an excellent sport to promote physical and mental strength of the boys. It can also be regarded as good preparation for several winter sports. It is a well-known fact that especially rugby players can benefit from playing water polo in the off season.

Physically water polo is very demanding, as swimming up and down the pool at a fast pace and competing physically for the ball is very tiresome. "Many rugby players enjoy playing water polo in the summer and use it as a way to develop their stamina and muscles," says the coach of the brilliant u/14 water polo team, Mr Nico Venter. On the mental side of things, water polo develops decision-making and spatial awareness of the boys as most practices in water polo occur at a fast pace and require immediate response from the players.

Grey's water polo standard is improving each year and the school is currently ranked in the top 20 water polo teams in South Africa. With the introduction of junior teams, Grey hopes to be under the demanding and highly competitive top 10 within the next two years. Last year the Free State u/18 team consisted of 9 Grey players. The team won the B-section at national level.

The highlight of the season was definitely the u/14A water polo team, ably led by their hard-working coach Mr Nico Venter. They had an unbeaten run of 15 games over 2 months and managed to claim a semi-final place during the u/14 Itec waterpolo tournament; this making them one of the top 4 teams in the country. This has never before been achieved by any other Grey team.

Given the past season's results and what the future of Grey's water polo might hold, the message is clear to the opposition: 'Watch out, your swimming pool's water is getting "Grey" with unexpected challengers looming.'



**Martiens Odendaal, one of the hard-working members of the first water polo team. Photo: Johan Sonnekus**

## uitslae

### Interskole Paul Roos

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 40-8 |
| Cherries | wen | 32-13 |
| Derdespan | wen | 27-7 |
| Vierdespan | wen | 29-7 |
| Vyfdespan | wen | 12-3 |
| Sesdespan | gelyk | 10-10 |
| Sewendespan | verloor | 10-26 |
| Agstespan | wen | 17-0 |
| Negendespan | verloor | 5-6 |
| o/16 A | gelyk | 21-21 |
| o/16 B | wen | 18-15 |
| o/16 C | verloor | 7-24 |
| o/16 D | verloor | 5-7 |
| o/15 A | verloor | 5-8 |
| o/15 B | wen | 3-0 |
| o/15 C | wen | 12-0 |
| o/15 D | verloor | 5-22 |
| o/15 E | wen | 10-5 |
| o/14 A | verloor | 0-7 |
| o/14 B | verloor | 6-21 |
| o/14 C | verloor | 6-16 |
| o/14 D | verloor | 0-32 |
| o/14 E | verloor | 7-15 |
| o/14 F | verloor | 7-70 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 1-2 |
| Tweedespan | verloor | 1-2 |
| Derdespan | verloor | 1-3 |
| Vyfdespan | verloor | 1-2 |
| o/16 A | verloor | 0-5 |
| o/16 B | verloor | 0-5 |
| o/14 A | verloor | 0-4 |
| o/14 B | verloor | 0-4 |

**TAFELTENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 6-3 |

**MUURBAL**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 1-5 |
| o/16 | wen | 5-1 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 1-8 |
| Derdespan | verloor | 0-9 |

# Outydse waardes nodig om Grey-hokkie te laat herleef

**LOUWRENS VAN HEERDEN**

2013 lê ver verwyderd van die stofstraatdae van 1855. Soveel het verander dat die Grey Kollege van vandag eintlik baie min ooreenkomste het met daardie eerste dae.

Tog het sekere waardes die toets van die tye deurstaan. Dinge soos: passie, trots, broederskap en die wil om te wen. Dit is hierdie "outydse" waardes wat die fondament is waarop mnr Wayne Coetzee die gloriedae van Grey-hokkie wil laat herleef.



**Francois Cilliers, Sean Deane en Malan Bosman tydens die interskool teen Affies. Foto: Henry Galloway**

Die afgelope hokkieseisoen het verskeie hoogte- en laagtepunte opgelewer. Die eerstespan kon die seisoen nooit werklik momentum kry of behou nie, maar het weliswaar die seisoen op 'n hoë noot afgesluit en met rasse skrede verbeter. Dit is hierdie verbetering wat iets verklap van die standaard wat hy graag vir Grey-hokkie wil stel.

Coetzee beoog om die passie, uithouvermoë en broederskap tussen spelers op en van die hokkieveld af terug te kry op die vlak waar dit 'n dekade gelede was toe hy nog op die skoolbanke was. Hy wil weer die trots in Grey-hokkie laat herleef. Hy wil weer sien dat elke persoon wat 'n eerstespan-hemp oor sy kop te trek, dit as 'n enorme voorreg beskou om die skool se elite-span te verteenwoordig.

Grey-hokkie is tans besig om al die hokkie-fasiliteite te verbeter, die "nuwe" astro behoort teen Februarie 2014 klaar te wees, die ligte sal vervang word en verskeie ander opgraderings word gedoen. Dit alles is deel van die planne vir Grey-hokkie vir 2014.

Grey-hokkie wil ook graag die spelers se ouers baie meer betrokke kry by die sport en hulle beoog ook om 'n beter verhouding daar te stel met Grey-laer se hokkie-afrigtingspan, ten einde geleenthede te bied aan talentvolle jong spelers om vir die o/14-spanne op die plaasvervangersbank te sit.

Coetzee sê realistiese mikpunte vir volgende jaar is om ten minste die helfte van die interskolewedstryde te wen en om te presteer by Nomads, 'n nasionale skolehokkietoernooi.

# Top-toernooi wys dat plaaslike sokker kerngesond is

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Laduma! En daar sit Jessie Seekoei nog 'n doelwagter ore aan in die doelhok. Ons praat hier van die Nedbank Grey Kollege Sokkertoernooi wat tydens die Septembervakansie (20-24 September) op die Windmill Park sokkervelde plaasgevind het.

Simunye Mosala (middelveldspeler) het gesê: "Die ondervinding vir my was nogal ongelooflik, veral omdat ek baie geleer het van verskillende sokker-taktieke en spel. Ek het dit baie geniet om toernooi-ondervinding op te doen en myself te verbeter as 'n sokkerspeler." Spanne van verskeie provinsies het aan die toernooi deelgeneem.

Grey het in die rondomtalierondte eerste in hul groep geëindig en uiteindelik algeheel sewende uit twintig skole in die toernooi geëindig, nadat Grey vir Brebner met strafdoele geklop het in hul finale wedstryd.

Grey het 'n paar uitstaande spelers soos Jessie Seekoei (doelskieter) en Simunye Mosala (middelveldspeler) in die toernooi gehad. 'n Individuele prestasieerkenning is aan Jessie Seekoei oorhandig. Norkem Park het uiteindelik die toernooi gewen, maar dit is interessant dat Grey hulle in die rondomtalie-rondte met 5-2 geklop het. Neo Helepi (regtervleuel) het gesê: "Persoonlik dink ek dat ons die toernooi moes gewen het. Grey Kollege was die span met die meeste energie, gees en vasberadenheid."

Die betekenis vir Grey om só 'n toernooi aan te bied is eerstens om ons sokkerseuns blootstelling te gee en tweedens is dit goeie bemarking vir die skool.




MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR
NOODSENTRUM
0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

SPORT

## water polo



Junior team establish themselves

## tafeltennis

Toer na Maleisië lê grondslag vir 2014






Outydse waardes sorg vir herlewing

## hokkie

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Desember / December 2013



# Atlete mik na die sterre

Philip Botha het by die Clover-byeenkoms 'n puik 3de plek behaal (volledige uitslae op bl 10). Foto: Henry Galloway

## *Elite byeenkoms identifiseer en ontwikkel talent*

**ETIENNE ERASMUS**

Op Saterdag, 5 Oktober, het die jaarlikse Clover-, Grey Kollege-, Oranje Meisieskool en Kovsies atletiekbyeenkoms vir die vyftiende keer plaasgevind by die Vrystaatse Atletiekstadion.

Die byeenkoms was gereël deur mnr. Piet Viljoen, in samewerking met Oranje Meisieskool en die Universiteit van die Vrystaat. Vyf-en-twintig skole regoor die land het deelgeneem, onder andere: Grey Kollege, Oranje Meisieskool, Hoërskool Sentraal, Afrikaans Hoër Seuns Pretoria (Affies), Pretoria Boys High en Paul Roos Gimnasium. Verskeie klubs en universiteite was ook betrokke. Die doel van die byeenkoms was om nuwe talent raak te sien en te help ontwikkel.

Die byeenkoms word beskou as een van die top-byeenkomste in die land en verskeie atlete se standpunte bevestig dié stelling: "Die byeenkoms was 'n reuse-sukses en het ons 'n geleentheid gebied om mee te ding met die beste atlete in die land," het Nico Prinsloo, 'n Grey-atleet, gesê.

Verskeie atlete het goed presteer. Abri Coetzee van Paul Roos het die dag se beste prestasie gelewer met 'n afstand van 51,65m in die hamergooi.

Baie Grey-atlete het ook uitgeblink: Ruben Marnewick het 'n uitstekende tyd van 48,37 sekondes in die 400m vir seuns o/16 opgestel en Nico Prinsloo het in 'n tyd van 39,15 sekondes ('n nuwe rekord) vir die seuns o/15 300m-hekkies opgestel.

## sport kalender

**2014 EERSTE KWARTAAL SPORTBEPALINGS**

10-12 Januarie
Grey Kriekettoernooi

22 Januarie
Interhuis-Gala

23-25 Januarie
Grey Waterpolotoernooi

25-26 Januarie
Krieket vs KES en St John's

1 Februarie
Affies Atletiek
Krieket Grey PE

7-8 Februarie
Tafeltennistoernooi
Swem: Westville en Midmarmyl

8 Februarie
Krieket Pretoria Boys High

21-22 Februarie
Interhoër Swemgala
Waterpolotoernooi Oos-Londen

1-2 Maart 2014
SA Oopwater-swem

8 Maart 2014
Fichardtpark Rugbydag

15 Maart 2014
Rugby vs Hentie Cilliers

17 Maart 2014
Rugby by Shimlapark

21 Maart 2014
Grey Kollege Sportdag

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby




vivid designs 082 576 3143